## 12 Oktober - SLAAF

**Skrifgedeelte: Johannes 15:9-17**
**Fokusgedeelte: Johannes 15:15**

In die tyd van die Nuwe Testament was slawe oor die algemeen sleg behandel. Om slaaf te wees, was sinoniem aan niks wees, 'n werktuig van jou eienaar. Die slaaf is dikwels soos 'n lewelose, willose gebruiksobjek gehanteer. Of hy geleef het of gesterf het, was vir sy eienaar nie juis belangrik nie.

Die Bybel gebruik meermale die beeld van die mens wat, as gevolg van die sonde, in die mag van Satan geval het. Die mag van Satan teenoor die gevalle mens is dié van 'n slawedrywer oor sy slawe. Hy het geen gevoel vir sy slawe nie. Hulle is blote instrumente vir sy eie doelwitte. Satan se grootste doelwit is om God deur sy slawe oneer te laat aandoen, want so word Satan verheerlik en God van sy troon afgehaal (vgl. Ps 2:1, 1936-beryming). God se koningskap word ontken en misken.

Slawe kon gekoop en verkoop word. Die Bybelse beeldspraak oor die mens word verder gevoer wanneer die beeld gebruik word dat Jesus aarde toe gekom het om mense los te koop uit die mag van Satan. Die losprys was sy bloed – dit weet elke gelowige. 'n Dure prys, sodat ons kan oorgaan vanaf die eienaarskap van Satan na die eienaarskap van God in Jesus Christus. Wat 'n genade! Wat 'n troos!

Maar Johannes 15:15 lei ons na 'n volgende hoogtepunt! Jesus sê: Julle wat ek losgekoop het, ek behandel julle nie meer as slawe (1983-vertaling, "ondergeskiktes") nie (al is julle) maar ek noem julle "vriende!" 'n Vriend is 'n vertroueling. Iemand met wie jy jou geheime deel, wat jy by jou lewe betrek.

Dit is wat ek en jy van ons Here Jesus Christus is – vriende! Ons is deel van sy plan. En die plan? Liefde. Liefde vir God, deurdat ons aan Hom gehoorsaam is (vs 10) en ook liefde vir mekaar (vs 12).

As hierdie liefde seëvier, erken ons God se koningskap en word Hý verheerlik.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1* *Dr AJ Krüger (Benoni)*